Geliefde Lourensrivierder

Hierdie heerlike weer werk definitief met mens se goedvoel hormone. Mens is sommer lus vir uitgaan en lekker dinge doen♫♫ Dit laat my bietjie peins oor hoe maklik ons gelei word volgens *wat* of *hoe* ons "voel". Ek VOEL nie lief nie... ek VOEL nie lus nie... ek VOEL nie sus.... ek VOEL nie SO.
Sou die mensdom nie 'n mallemeule gewees het van op en af as ons alleenlik opgetree en gedoen het soos ons "voel" nie..... Paulus sê 'n baie waar ding in Fil 4:4 (Verbly jou in die Here)

Kyk bietjie wat sê die Bybel in Praktyk hieroor (dis 'n mondvol, maar baie insiggewend):
"Die woord geluk laat verskillende mense aan verskillende dinge dink: aan Kersfees, aan verrassings op jou verjaardag, aan 'n heerlike vakansie saam met jou naby-mense, aan spontane, uitbundige gelag. Wie is daar wat nie graag gelukkig wil wees nie? Vir baie mense bly dit 'n lewenslange ideaal. Onvermoeid jaag hulle dit tevergeefs na: koop, maak bymekaar en soek telkens weer nuwe ervarings. So asof dit van die dinge om jou, van jou omstandighede afhang. As die nuwe speelding breek, of 'n geliefde sterf, of jou gesond-heid gee in, of jy beland in 'n finansiële krisis, of die partytjie is verby - watter uitwerking het dit op jou? Verdwyn jou gevoel van gelukkig wees dan?
Met blydskap / vreugde is dit anders as met geluk. Blydskap het meer diepgang, want dit is gebou op die vaste versekering van God se liefde en Sy betrokkenheid by ons. Die wete dat Hy daar is, kom wat wil! Geluk word bepaal deur jou omstandighede, ***maar ware blydskap is gewortel in Christus.***
Filippense is Paulus se blydskapsbrief. Die gemeente in Masedonië was vir Paulus 'n bron van groot bemoediging. Die gelowiges in Filippi het 'n besondere verhouding met hom gehad en daarom het hy vir hulle 'n brief geskryf waarin hy uiting gegee het aan sy liefde en toegeneentheid. Hulle was vir hom 'n bron van blydskap (4:1). Hierdie brief is ook 'n blydskapsbrief aangesien dit ware Christelike blydskap beklemtoon. Nie minder nie as sestien keer skryf Paulus van blydskap of verblyding. Elke bladsy straal hierdie positiewe boodskap uit, en in Fil. 4:4 bereik dit 'n hoogtepunt: "Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"

Paulus het sy hele lewe aan God gewy, en in die proses het hy nie net oorvloed beleef nie, maar ook armoede. Dit is trouens uit die tronk wat hy hierdie blydskapsbrief skryf! Paulus het geleer om hom onder alle omstandighede te verbly (Fil. 4:11-12). Sy vreugde het hy gevind om hom in te span om Christus te ken en die krag van Sy opstanding te ondervind, al beteken dit dat hy deel moet hê aan Sy lyding (Fil. 3:10).
Paulus verwoord sy allesoortreffende begeerte om Christus te ken, uitnemend met die volgende woorde: "ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood" (3:8-10).
Mag die lees van hierdie brief jou hunkering om Christus waarlik te ken, wakker maak en rig! Dan sal jy blydskap, ware vreugde, ervaar! Dan sal jou geluk verdiep tot blydskap en jy sal, ongeag jou omstandighede, jou kan verbly in die Here!"

Sarina sing: Verbly jou in die Here
https://www.youtube.com/watch?v=UOdHd2Qje3U

NUUSKRUMMELS: 21 SEPTEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ:
Geen Kinderkerk Sondag, 24 September. Dis lekker langnaweek en daarna heerlike vakansietyd.
So, ons sien julle eers weer op 15 Oktober. Sjoe, maar ons gaan verlang! ☹

LAPPIESBOONTJIES nou weer beskikbaar in die kerkkantoor @ R45 per kg (021 853 5991)

TUINPARADYS VOEDSELFEES: 2 SEPTEMBER 2017

Hiermee ons hartlike dank….

- ♥ Heel eerste aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons ontvang het om van hierdie Voedselfees so ’n groot sukses te maak. Alles tot uitbreiding van Sy Koninkryk.
- ♥ Aan al die Sameroepers wie se tafels so pragtig versier was met al die lekkernye, pannekoek, plantjies, te veel om op te noem.
- ♥ Aan elkeen wat bygedra het tot die Tombolatafel vir die Kindertent
- ♥ Aan ons gemeente wat ons wonderlik ondersteun het, asook die heerlike saamkuier by ons fees.
- ♥ Aan Leza van der Spuy vir die foto’s, wat boekdele spreek van ’n wonderlike fees der feeste.
- ♥ Aan al ons nuwe lidmate wat so mooi ingeskakel het en behulpsaam was op vele terreine.

EN aan ons borge!!!!

1. Elmarie de Villiers van Cape Beronda Freight (geskenkbewyse)
2. De Kelders, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
3. Ocean Basket, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
4. Wimpy, Strand (geskenkbewyse)
5. Strand KWIKSPAR (deeg geskenk vir roosterkoeke)
6. Evergreen Office National vir skryfbehoeftes vir die Kindertent se Tombolatafel
7. Ben Burger vir die plantjies
8. Callie Botha wat weereens hierdie jaar sy tent beskikbaar gestel het
9. Annie Snyman vir al die gebak (ook Sondag se eetgoed) asook eetgoed geskenk

Voedselfeesgroete, Gerda en Apolonia

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

HERVORMDE KERK: JAARLIKSE BASAAR (SAAMSTAAN FEES) OP DIE 30STE SEPTEMBER

Dit word gehou in Lourensrivier se kerksaal. Tyd om te baljaar!
Almal oud en jonk word vriendelik uitgenooi en is baie welkom.
Kontak: Douw Steyn @ 071 382 1900 of 021 8554868 (h)
Epos: douwsteyn@gom.co.za

CANSA VERSOEK:

CANSA (Cancer Association of South Africa) would like to take hands with the Dutch Reformed Church Lourensrivier to deliver services in the Helderberg area. Among others the services include cancer care, emotional support and home based caring. To deliver these services, we will need volunteers. Volunteers will be trained to deal with cancer patients, patient counselling, to participate in support groups, and how to assist with home based caring. The volunteers will also receive basic training about certain cancers, health education, dietary and nutrition needs and addressing the emotional impact of a diagnosis of cancer. CANSA will supply all the training over a 3 day training session. Individuals who have successfully completed this course will receive an accredited and registered qualification approved by the Health and Welfare Sectoral Education and Training Authority (HWSETA).
Please contact Claudette Arends on 084 467 6743.

Kind Regards, Claudette Arends
(Community Mobiliser: Fund Development)
021 689 5347

CANSA Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support
Imagine a World without CANCER
Toll-free 0800 22 66 22
www.cansa.org.za

HUIS ESPERANZA BASAAR, SATERDAG, 30 SEPT 2017 @ 08:00
PLEK: HUIS ESPERANZA, DONALDSONSTR 11, STRAND

Vrydagverkope : Ons beroemde Kerrie-en-rys asook Skaapvleis/Groenbonebredie (BESTEL ASB !!)
Vir afhaal vanaf 15:00 – 18:00
Op Saterdag bied ons vanjaar (saam met ons ou treffers) die volgende aan:
Bacon & eier broodjies, Braaivleis & Braaibroodjies, Jaffels, Vars waterblommetjies en Wildspasteie

KOM KOOP, EET, KUIER EN GENIET DIE DAG SAAM MET ONS INWONERS!!

Kontak vir Susan le Roux / Riana Mulder (021) 854 7393 vir verdere detail.

DIVERSO TRAP VIR LIEFDADIGHEID:

Liewe vriende

Op 14 & 15 Oktober 2017, neem Diverso deel aan ‘n baie spesiale byeenkoms, naamlik **THE500.** Die byeenkoms word aangebied deur Distance For Difference en Patch Helderberg. Diverso wil 'n verskil maak in die lewens van kinders in nood.

Loer gerus na die 2017 bemarkingsvideo: https://youtu.be/AOrTNTEwUGo en lees asseblief die aangehegte “THE500 press release” (.pdf dokument) wat meer inligting bevat oor die werk van D4D, die hoofbegunstigde PATCH Helderberg asook THE500. Jy kan meer uitvind oor PATCH se werk via die volgende skakel: https://youtu.be/c0pd-AFO_TI
Die uitdaging van hierdie poging vir Diverso se span sal wees om wiele te laat aanhou draai vir die volle 24 uur. Diverso wil vra of jy bereid sal wees om hulle span te borg vir hierdie poging en D4D te help om hulle doel van **R1,000,000** te bereik. Jy kan die skakel hieronder volg om Diverso te borg:
https://www.surveymonkey.com/r/2017THE500SS
Nadat jy jou inligting via die skakel hierbo deurgegee het, kan jy voortgaan om jou borgskap te deponeer in D4D se bankrekening.
[Indien jy nie internettoegang het nie, kan jy vir Diverso laat weet met hoeveel jy vir Diverso wil borg en of jy 'n belastingsertifikaat benodig (slegs vir borge van R500 en meer). Diverso sal jou besonderhede via die skakel aan D4D deurgee].

Bankbesonderhede:
ABSA Somerset-Wes (Takkode: 632005); Rekening naam: **DISTANCE 4 DIFF**
Rekeningnommer: **9217741105;** Rekeningtipe: **Spaar**
Belangrik: Maak asb. seker dat jy die volgende verwysing gebruik vir jou borgskap:
500ST28 Borg se voorletter en van, byvoorbeeld: 500ST28 H. du Toit

Snap here to pay
SnapScan

Alternatiewelik kan jy ‘n donasie maak via SnapScan. Gebruik asseblief dieselfde verwysing soos hierbo genoem, vir SnapScan betalings. Volg die vinnige en maklike stappe:

1. Maak gebruik van jou selfoon se “App Store” om die SnapScan “App” af te laai.
2. Registreer, voeg jou kaart by en kies ‘n unieke 4-syfer-pin.
3. Scan die Snap Kode (sien prentjie hieronder) en tik bedrag in wat jy wil borg
4. Voeg die korrekte betalingsverwysing in, **bv. 500ST28 H. du Toit**
5. Kies betaal opsie

Volg gerus al die nuutste nuus via D4D se Facebookblad: https://www.facebook.com/D4DSA

KNIEWERK:

- Bly bid asseblief steeds vir reën en vir die boere wat swaarkry, maar bowenal, bid asseblief dat mense opreg na God draai en hul lewens daarvolgens verander.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis; Annette Laten
- Jan Volschenk word tuis versorg. Bid asb vir genesing na bestraling
- Piet Nortje se gesondheid gaan agteruit
- Herman Rocher herstel na operasie
- Ons innige meegevoel met Rose (ons skoonmaakster by die kerk) en haar gesin met die heengaan van haar seun
- Hennie Langenhoven gaan vir 'n rugoperasie op 4 Oktober 2017 in Durbanville Mediclinic

BELOFTEROLLE:

Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 24 SEPT SE BOODSKAP: FIL 1:21-30

(SESTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Paulus is in die tronk, maar hoor wat sê hy... "Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.

Paulus is vasberade dat hy die Vader sal verheerlik met sy hele wese, maak nie saak waar hy is of in watter omstandighede nie.... (Hier kom Fil 4:4 weer na vore)....

Oswald Chambers praat ook hieroor in sy boek "My utmost for His Highest,"

Kom ons sê ook soos Paulus en die skrywer van Ps 119:10: "Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart."

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier